# ONTMOETINGS MET GOD

# Deel 1 – Jesaja

## Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

---

---

## Vrae vir Bespreking:

*Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.*

**Wat bring vir jou baie genot in die lewe? Wat geniet jy om te doen? Wat maak die lewe vir jou lekker? Verduidelik vir jou groep hoekom hierdie dinge 'n positiewe uitwerking op jou het.**

---

---

---

**Het jy al ooit 'n oomblik of gesprek in jou lewe gehad wat jou lewe in 'n ander rigting gestuur het? Vertel jou groep daarvan.**

---

---

---

**Hoekom dink jy het sekere oomblikke 'n groter impak of uitwerking in ons lewe as ander?**

---

---

---

**Het jy al oomblikke beleef wat jy versigtig was om ten volle te doen wat die Here vra of ten volle oor te gee? Wat was die rede daarvoor? Wat het jy gedoen en hoe het dit uitgespeel?**

---

---

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**Jesaja 6:1-8 en Jeremia 1:4-10. Hoe vergelyk Jeremia en Jesaja se roepings van God met mekaar?**

---

---

---

**Jeremia 1:6. Watter dinge het jou al verhoed om te doen wat die Here vir jou vra om te doen?**

---

---

---

**Psalm 139:13-17, Jeremia 1:5 en Efesiërs 2:10. Hoekom dink jy is dit belangrik om vas te hou aan die waarheid dat God ons met 'n doel gevorm het en 'n plan vir ons lewe het?**

---

---

---

---

**Weet jy al wat God se doel en roeping vir jou lewe is? Verduidelik.**

---

---

---

**Psalm 63:2; 105:3-4; Matteus 7:7-8; Jeremia 29:12-13; 1 Petrus 2:2-3. Op watter manier kan jy meer soek na die Here en sy teenwoordigheid?**

---

---

---

**In die preek is 3 redes genoem hoekom God met ons 'n ontmoeting wil hê: *1) God wil meer van Homself aan ons openbaar; 2) God wil jou verander; 3) God het vir jou 'n taak.* Watter een van hierdie 3 dink jy is tans die fokus in jou lewe? Hoe kan jy bydra dat dit gebeur?**

---

---

---

---

**Wat dink jy is 'n volgende stap wat jy kan neem saam met die Here? Hoe kan jou groep jou daarin ondersteun of help?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**